LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

13-06-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 21 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

Kairos Dagmark vind plaas op 23 Julie 2016 vanaf 08:00 - 17:00.

R150 per stalletjie. Kontak vir Liz Spoelstra by 0163417020 of 0834255987

1 **EKSAMEN**:

- Al ons leerders is skoolpligtig tydens die eksamen. Leerders gaan eksamen skryf en daarna wissel. Daar word nog in die ander grade assessering in die klasse gedoen. Na afloop van die eksamen, gaan klasse normaalweg voort met 3de kwartaal se werk.
- Niemand sal verskoon word van skoolgaan nie. Doktersafsprake moet na skool gereël word.
- Indien 'n kind afwesig is (met siekte) tydens die skryf van 'n vraestel, moet 'n doktersbrief ingehandig word, anders sal die leerder 0 % kry vir die betrokke vraestel.
- **COMMON EXAM PAPERS:**
  Graad 6 leerders word verplig deur die Departement om OOK algemene vraestelle te skryf in Engels (9 Junie), Wiskunde (13 Junie) en NW (15 Junie). Hierdie vraestelle tel vir die rapporte.

2 **RAPPORTE**:

- Die tweede kwartaal se rapporte word uitgedeel op Donderdag, 23 Junie om 17:00 tot 19:00 in die registerklasse.
- Ouers word versoek om toe te sien dat hulle skoolgelde op datum betaal is.

3 **REDENAARS:**

Baie geluk aan Telisa van Heerden wat Vrydag deelgeneem het aan die eerste rondte ATKV-uitdunne.

4 **KOOR**:

- Daar is Junior kooroefening soos normaal op Maandag 13:15 - 14:00.
- Die Senior koorlede se oefening van Woensdag, 22 Junie is afgestel a.g.v. die Akademiese span se uitstappie. Ons sal reël om in skooltyd te oefen.

5 **NETBAL**:

- Baie dankie aan elke dogter na 'n suksesvolle netbalseisoen. Na die finale uitspele op 10 en 11 Junie, is die 0/11A span, 3de in Sedibeng en die 0/13A en B spanne is 4de. Ons is baie trots op hulle!
- **FOTODAG IS 20 JUNIE, ONTHOU JULLE KLERE!**

6 **RUGBY**:

- Baie geluk aan ons 1ste en 2de rugbyspanne wat in die semi-finale deelgeneem het! Ons is baie trots op julle!
- **FOTODAG IS 21 JUNIE, ONTHOU JULLE KLERE!**
- **FOTODAG VIR DIE BULLETJIES IS OOK 21 JUNIE. HULLE TRUIE SAL BY DIE SKOOL UITGEDEEL WORD.**

7 **SKAAK**:

Hiermee die opsommende uitslae van die laaste 4 skaaktoernooie. Die Volkies neem aktief aan toernooie deel en daar is verskeie leerders wat baie goed vaar. Hiermee slegs die eerste 3 plekke of leerders wat 4 uit 5 spelle gewen het.

21 Mei 2016 – Henley Open

D Afd (0/10) – 3de Anru Eloff (4 uit 5 gewen); B Afd (0/18) – 5de Stefan Grobler (4 uit 5 gewen)

28 Mei 2016 – ACA 2016 – Arnold Schwarzenegger Classic Africa

Gauteng Closed - Sandton Convention Centre

C Afd (0/14)- 3de Brandt Huisamen (4 uit 5 gewen)

4 Junie 2016 – Sedibeng on Vaal

D Afd (0/10) – 4de Anru Eloff (4 uit 5 gewen); C Afd – (0/14) – Beste Meisie - Lisa-Marie de Villiers; B Afd (0/18) – 3de Brandt Huisamen (4 uit 5 gewen)

11 Junie – Drie Riviere

0/10 – 3de Danielle de Villiers (4 uit 5); 0/12 – 2de Georg Fritz (4 uit 5 gewen);
0/14 – 2de Stefan Schonken (4 uit 5); 0/14 – Beste dogter – Claryn van Niekerk

8 **REVUE**:

Onthou asb om die revue gelde van R150 per leerder in te betaal by die register-onderwysers. Ons revue vind in Oktober plaas.

9 **KULTUURAAND 2017:**

Kultuuraand 2017 vind plaas op Vrydag, 17 Februarie 2017. Ons gaskunstenaar is Adam Tas. Kaartjies is beskikbaar wees teen R300 per kop. U kan nou al u tafel bespreek by Chrisna 0760519176.

10 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**

Alle Suikerbosrand Eisteddfod uitslae moet asb vir juf Helanie kom wys word om op te skryf. Moet nie vergeet nie, dit bepaal knopie- en kultuurpunte.

11 **VOLKIE SNOEPIE SPYSKAART:**

Leerders moet asb 'n bestelvorm by die snoepie gaan haal, indien hulle belangstel.

WEEK 13-17 JUNIE 2016			**WEEK 20-24 JUNIE 2016**		
Maandag	Jumbo Hotdog	R15	Maandag	Hoendernuggets & chips	R15
Dinsdag	Spaghetti Stirfry	R15	Dinsdag	Wors & Sweetcorn pap	R15
Woensdag	Jaffels	R15	Woensdag	Hoenderburgers	R15
Donderdag	VAKANSIEDAG		Donderdag	Pizza	R10
Vrydag	VAKANSIEDAG		Vrydag	SKOOL SLUIT- SNOEPIE IS TOE	

12 **VOLKIE VERE:**

Die klerewinkel is gesluit vanaf 22 Junie, vir die hele vakansie. Die skool en winkel heropen weer Maandag, 18 Julie 2016. Ingeval van nood, kontak vir Heléne by 0832852481.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF